

Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die
Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika



Desember 2012



'n Takkie sal uitspruit...

Lees binne...

- God is die Bron van ons hoop – 1
- Kersboodskappe oor hoop – 2
- Suid van noord en wes van oos – 3
- Toelating tot die evangeliebediening – 4

In hierdie uitgawe

- BI 1 God is die Bron van ons hoop (Ds Willie Botha)
- BI 2 Kersboodskappe oor hoop
- BI 3 **Aktuele sake**
Suid van noord en wes van oos (Dr Piet van Staden)
- Ble 4-5 **Kerkwerf**
Kerkhistoriese Genootskap besin oor die Godsbegrip
Navorsing uit die Kerkargief
Toelating tot die evangeliebediening
Haelskade aan die Oos-Rand
Hendrik Vermooten, kerkargitek
- BI 6 **Teologiese gesprek**
Die Hervormde middelgrond –
voortsetting van begrippeverheldering (Dr Johann Beukes)
- Ble 6-7 **Gespreksforum**
'n Volkskerk (Johan Willemse)
Waarlik tyd vir bekering (Dr Ernie Jacobson)
Waar is die hervorming? (Richard Steinmann)
Ek bely... (Danie le Roux)
- Agterblad **Oordenking**
'n Woord van bemoediging (Ds Phillip Horn)

Kersboodskappe oor hoop

Lees die boodskappe van prof Johan Buitendag, dr Frikkie Labuschagne, oudl MF Pretorius, ds Gerhard Stoltz, dr Wim Dreyer, Tessa Coetzer, ds Wimpie Steyn en Elmar Struwig.

God is die Bron van ons hoop

Ds Willie Botha van Gemeente Lydenburg skryf: Daar is 'n noue verband tussen Kersfees, Epifanie en hoop. In sowel Romeine 5 (Rom 5: 2) as 8 (Rom 8: 18-25) vind ons die begrippe *hoop* en *heerlikheid* saam. Die heerlikheid wat met Christus se geboorte saamgaan, is welbekend. Romeine 5: 2 is treffend: *En ons verheug ons ook in die hoop op die heerlikheid wat God vir ons bestem het*. God se heerlikheid is nie beperk tot sy verskyning aan, en in, Christus nie. Dit is ook iets wat vir ons bestem is. Deur in Christus te hoop, doen daardie heerlikheid nou al iets met ons wat ons anders met die lewe laat omgaan.

God is die Bron van hoop, en op grond daarvan is gelowiges kunstenaars in hoop. Met daardie hoop skilder ons die landskappe van die samelewing, sing ons die somberheid weg. Hoop het 'n wederkerige karakter. Dit roep ons op om iets daarmee te doen. Deur hoop te gaan gee, sal jy self ook meer hoop ervaar. In die wederkerigheid van hoop raak die misterieuse karakter daarvan konkreet. Dikwels op grond van ons eie verliese en swaarkry, word ons die bevoorregte blare wat aan die hoë bome groei. Ons seerkry bemagtig ons om 'n waardering te hê vir die waarde wat hoop, teenstrydig, tot ons lewens toevoeg. In plaas van mense wat hopeloos op 'n ashoop gaan sit, word ons geloofwaardige indikators, katalisators en transformators van ons samelewing. Word ons deur die Heilige Gees se werking kontemporêre verskyningsvorme en getuies van Christus se heerlikheid.

Teologiese gesprek

Dr Johann Beukes sit die teologiese gesprek voort met 'n verdere verheldering van begrippe rondom die Hervormde middelgrond. Naas die kwessie van 'n 'gees van vrysinnigheid' wat in die November 2012-uitgawe

bespreek is, is daar die afgelope jaar vanuit die 'middelgrond' telkens kommer uitgespreek oor wat *essensialisme* genoem kan word. Dit sou ook *reduksionisme* genoem kon word, waarmee verwys word na die eg-liberale, juis ondialektiese taktiek om die werklikheid ter wille van hanteerbaarheid te homogeniseer, en die kompleksiteit en veelstemmigheid van dinge te reduseer tot 'n 'essensie' of 'wesenskenmerk'.

Daar is baie voorbeelde daarvan, maar die eietydse gehamer op sogenaamde *missionaat* of, nog erger, *missionale bediening* as die 'wesenskenmerk' van die kerk, is een van die mees irriterende voorbeelde.

Die waarheid is natuurlik dat die kerk nie oor 'n 'wesenskenmerk' beskik nie, maar oor talle gelyklopende kenmerke wat delikaat saamhang. Baie dinge moet gelyktydig bymekaarkom en bymekaar gehou word vir die kerk om kerk te wees en kerk te bly. Trouens, om dit dialekties te stel, die kerk het net een wesenskenmerk, en dit is dat die kerk nie net een wesenskenmerk het nie. So delikaat is dit trouens dat net God self die kerk bymekaar kan bring en bymekaar kan hou. Die verbruikersmatige voorskriftelikheid rondom *missionale bediening* en die teologies-onverantwoordelike simpatie vir die sogenaamde *verskynende kerk* is 'n direkte uitwas van essensialisme en gaan nog tot groot hartseer en ongeluk in die Hervormde Kerk lei, indien daar nie halt geroep word nie.

Waar hierdie waardige Kerk haar ou Woordgestemde en onpolitieke sensibiteit verloor het, weet ek nie. Iets van hierdie ou Hervormde sensibiteit moet egter, soos wat dr Daan van Wyk (jr) tereg uitwys, gerehabiliteer word; nie soseer uit respek vir die Hervormde Kerk nie, maar uit diepe eerbied vir die dialekties 'altyd daaragter', die gebeurde en altyd gebeurende Woord, die Here Christus self.

(Volg die debat verder op www.hervormer.co.za → Teologiese gesprek)

Ander berigte

Daar is ook 'n artikel van **dr Piet van Staden** oor die kerk aan die hand van 'n paar vrae, asook berigte oor die **Kerkhistoriese Genootskap**, die ses **nuwe proponente** van die Kerk, **haelskade** aan die Oos-Rand, en **Hendrik Vermooten**, argitek van onder andere die Dirk van der Hoffgebou waarin die grootste gedeelte van die Sinodale Kerkkantoor gehuisves is. Lees ook die lewendige briefwisseling oor die huidige gebeure in die Hervormde Kerk. **Ds Phillip Horn** van Louis Trichardt se oordenking bring 'n woord van bemoediging uit Handeling.